



Brexit se onsekerhede raak ook kerklidmate

Sedert die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Gemeente in Londen in 1994 het verskeie gebeurtenisse in die Verenigde Koninkryk afgespeel. Buiten die politieke veranderinge en die oorloë van die Midde-Ooste waarin van ons gemeente se seuns geveg het, het baie lidmate se omstandighede ook verander.

Teken in op
 blitspos
 Stuur 'n e-pos na
 karen@nhk.co.za

In ons gemeente self het predikante, lidmate, leierskap, eredienslokale en preekpunte gekom en gegaan. Die finansiële krisis van 2008 het onbekendheid ingehou en baie van ons lidmate se visums en werk beïnvloed. Ons het gevolglik geleer dat die een *konstante* in ons gemeente se bestaan die onvermydelikheid van *verandering* is. Daarom het ons gemeente ons roeping geformuleer as 'n *Geestelike tuiste vir wêreldreisigers*.

Nuus, berigte en
 kort kommentaar
 (uiters 100 woorde)
 aan
 produksie@nhk.co.za

Dit wil voorkom of die Europese Unie se oorspronklike oogmerk – om deur eenheid en met noue samewerking 'n beter toekoms vir almal in Europa te bou – eindelijk tot friksie en wrywing gelei het weens 'n verskeidenheid redes. So word die toekoms van die EU deur baie kenners bepeins. Vandag is Brexit op Brittanje se voorstoep en die onbekende staar ons in die gesig.

Skakels

Webblad van die
 Hervormde Kerk
www.nhka.org

Dit affekteer lidmate op uiteenlopende maniere. Ons het onder andere verskeie mense wat vir internasionale maatskappye werk, en die gevoelens van onsekerheid, frustrasie en bekommernis oor die toekoms raak almal. Ook lidmate met vaste beroepe soos onderwysers en tandartse beleef hierdie onsekerheid. Selfs in die histories-sterk finansiële sektor en bou-industrie is mense onseker oor die impak wat Brexit op hul lewens gaan hê.

Indien u nie weer
 blitspos wil
 ontvang nie,
 stuur 'n e-pos na
 karen@nhk.co.za


Wat lê voor na Brexit...? Die gebrek aan 'n duidelike Brexit-strategie het weer die waarde en noodsaaklikheid van sterk leierskap, duidelike kommunikasie en goeie prinsipiële uitgangspunte beklemtoon. Te midde van die onduidelikhede wat steeds oor Brexit hang, is daar tog geleentheid om die toekoms te hervorm. Brittanje het 'n sterk internasionale netwerk, veral deur die 53 Statebondslande, insluitende Suid-Afrika, vir wie hierdie geleentheid *goud in die mond* kan inhou.

Die kerk word direk deur Brexit geraak. Elke lidmaat van elke gemeente en denominasie word geraak deur die onsekerhede van 'n nuwe toekoms. Die kerk het 'n kritieke rol te speel om sy lidmate te versorg, te versterk en te lei in hierdie tyd. Vir elke individu en familie wat in hierdie onsekere tyd leef, is God die konstante wat hoop gee. Dit is essensieel om stil te word voor Hom... te reageer op Christus se liefde... en die belofte van Jeremia 29: 11 opnuut toe te eien: *Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!*

As gemeente is ons gereed om elkeen wat sou kom te verwelkom en te bedien. By die Suid-Afrikaanse Gemeente is ons elkeen op reis saam met God. Ons eredienste is familiebyeenkomste wat aan ons elkeen 'n tuiste bied waar ons geestelik toegerus word. Ons leef met die sekere vooruitsig dat God se evangelie net so konstant, waar en relevant is soos toe die kerk begin het.

*God of eternal love and power,
 save our parliamentary democracy;
 protect our High Court of Parliament and all its members
 from partiality and prejudice;
 that they may walk the path of kindness, justice and mercy.
 Give them wisdom, insight and a concern for the common good.
 The weight of their calling is too much to bear in their own strength,
 therefore we pray earnestly, Father,
 send them help from your Holy Place, and be their tower of strength.
 Lord, graciously hear us. Amen.*
 (The Archbishop of York, John Sentamu's)

Lief en leed



Oudl Andries en
Catharina Steyn

- **Oudl Andries Steyn** van **Gemeente Bronkhorstspuit**, wat vir meer as 60 jaar buitengewone diens in die NHKA gelewer het, het onlangs om gesondheidsredes die tuig neergelê. Hy was jare lank ouderling en skriba in Bronkhorstspuit, en sy vrou, Catharina, kassier. **Ds Jan van Staden** sê van hierdie twee staatmakers: *Ons eer hierdie twee mense wat so 'n besondere rol in ons gemeente, ons ring en ons Kerk gespeel het. Ons glo dat ons steeds van hul wysheid en kennis kan gebruikmaak op die pad vorentoe.*
- **Die volgende predikante verjaar tot 15 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Vrydag 8 Februarie: Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg (Paarl)
 - o Saterdag 9 Februarie: Di D (Dolf) Bester (Boksburg), IF (Erika) Ferreira (Bellville), LH (Lydia) Miller (Villiers), F (Ferdie) Nortje (Outeniqua) en F (Freddie) Nortje (emeritus)
 - o Sondag 10 Februarie: Di D (Dalene) Lourens (Selcourt) en IJ (Jaco) Vogel (Rooihuiskraal)
 - o Maandag 11 Februarie: Ds MS (Marius) Jansen van Vuren (Ventersdorp)
 - o Dinsdag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (Alberton)
 - o Woensdag 13 Februarie: Ds D (Dewald) Kruger (Barberton)
 - o Donderdag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (emeritus), di CP (Larry) van der Walt (Oos-Londen) en EP (Eddie) Vosloo (emeritus)
 - o Vrydag 15 Februarie: Di M (Maritza) Botha (Belfast/Waterval Boven) en JJ (Johan) Viljoen (beroepafwagend)

Gemeentes en bediening

- **Gemeente Krugersdorp-Wes** se e-posadres het verander. Die nuwe e-posadres is nhkwes@gmail.com.
- **Gemeente Bronkhorstspuit** se e-posadres het verander. Die vorige e-posadres, wat nog vir 'n kort tyd gebruik sal word, is nhbhs@wirumail.co.za. Die nuwe e-posadres is nhbhs@nhk.co.za.
- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)** moet asseblief kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by njssteenekamp@gmail.com of 073 279 3315. Vervoerkoste en 'n honorarium word betaal.
- Leraar(s) word benodig vir **preekbeurte** vir die vakante gemeente **Sonlandpark, Vereeniging**, totdat 'n beroepsproses vir 'n permanente leraar voltooi is. Kontak die skriba, Annatjie Badenhorst, by sonlandnhk@gmail.com.
- Leraar(s) word benodig vir **preekbeurte** vir die vakante gemeente **Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617. Gemeentes wat video-opnames van hul eredienste maak, kan gerus ook met mnr Louw in verbinding tree.
- **Gemeente Bronkhorstspuit** vier op **Saterdag 6** (basaar) en **Sondag 7 April** (erediens) hul **150ste bestaansjaar**. Alle oudlidmate, vriende en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die besondere geleentheid mee te maak. Navrae kan gerig word aan mev Gerda Theunissen by 013 932 2929 / 082 323 1193 / nhbhs@nhk.co.za.

Vergaderings

- Vrydag 8 Februarie: Moderamen
- Woensdag 13 Februarie: ADV Finkom
Ons Tuis Finkom

- Donderdag 14 Februarie: Rata Finkom
Pensioenvergaderings
ADV Dagbestuur
- Vrydag 15 Februarie: Raad van Finansies

'n Gedig

Spraakverbruik

Ons moes gaandeweg die slag aanleer
om in omgang slu te kommunikeer,
in 'n dieper diepstruktuur beslag
gee aan 'n sonderlinge ortografie
waarin tekens a-normaal fungeer;
selfs met stiltes en hiaat 'n kodetaal
vir óns gestremdheid formuleer
waarvolgens “ja” bes moontlik dui op “nee”,
'n “alte graag” juis heenwys na “nie”
en die ongewone duur van 'n vokaal
geheimelik verlange sinjaleer –

maar later groei dié kripto-semantiek
onkeerbaar aan tot donker dialek:

ons kan mekaar nog kwalik transkribeer
of Babeling vervoeg tot vlot gesprek.

Lucas Malan

(Uit: 'n Bark vir die ontheemdes, 1981)

Bybelvasvra 2019

Die Bybelvasvrakomitee het dit goedgevind om die Bybelstudiegids van ds Neels van Tonder, *Gelykenisse in die Bybel*, weer te gebruik as deel van die **Bybelvasvra se bestek** vir 2019. In hierdie rondte sal die gelykenisse uit die Nuwe Testament bestudeer word. Die bestek sal dus wees (volgens die studiegids se titels):

1. 'n Gelykenis oor keuses (Matt 21: 28-32)
2. Uitnodiging na die bruilof (Matt 22: 1-14)
3. Gelykenis van die saaiër (Mark 4: 1-20)
4. Gelykenis van die mosterdsaad (Mark 4: 30-32)
5. Die barmhartige Samaritaan (Luk 10: 25-37)
6. Die ryk dwaas (Luk 12: 13-21)
7. Die onvrugbare vyeboom (Luk 13: 6-10)
8. Die verlore seun **en** Die opgerukte seun (Luk 15: 11-32)
9. Die weduwee en die regter (Luk 18: 1-8)
10. Die Fariseër en die Tollenaar (Luk. 18: 9-14)
11. Die boere en die wingerd (Luk 20: 9-19)

Let wel: *Parallele tekste sal nie in aanmerking geneem word nie; slegs die tekste hierbo in hakies vorm deel van die bestek. Vir eenvormigheid word die 1983-vertaling van die Bybel gebruik vir die opstel van vraestelle.*

Spanne bestaan uit 'n maksimum van 6 lede. Hoërskool, Jong Hervormers en Ope Afdeling bestudeer, naas die Bybelteks, ook die grys kolomme se feite aan weerskante van die bladsye in die studiegids (bladsye 45-92). Die **ringsvasvrae** moet asseblief **voor einde September 2019** afgehandel word.

Vir enige navrae, kontak ds Quinten Schimper (076 687 7410) of ds Stephen de Beer (074 658 4630).

Toerusting

- **Bybelvoorspraakkonferensie: Bring die Bybel terug**
19-20 Februarie 09:00-16:00
Universiteit van Stellenbosch
R250 (middagete, verversings en drinkgoed ingesluit)
Sprekers sluit in proff Jonathan Jansen, Julie Claassens en dr Leon Klein
Met predikante, vrouegroepe en jeugorganisasies
Navrae jonas@biblesociety.co.za
- Alle **predikante in Pretoria** en veral predikante in gemeentes van alhier die ringe in die Pretoria-gebied word genooi om 'n **Oopgespreksgeleentheid** by te woon op **Donderdag 21 Februarie**. Navorsing toon dat Pretoria 'n groei-area is vir Afrikaanse gesinne, en ons wil graag besin oor die bediening van die Kerk in die volgende vyf jaar in en om Pretoria sodat ons gereed kan wees om hierdie potensiele lidmate in die Kerk te kan opneem. Ons wil ook gesels oor hoe gemeentes wat tans swaarkry, gehelp kan word met hul bediening.
DATUM: 21 Februarie 2019
TYD: 08:30 vir 09:00
PLEK: Eksterne kampterrein (25 km noord van Gemeente Montana-Oos op die Molotopad)
KOSTE: R80 (sluit 'n ontbyt en middagete in)
KONTAK: Frikkie van Wyk 083 625 6788 / gfvanwyk@nhk.co.za
- **Akademiese wydingsdiens: Fakulteit Teologie en Religie, UP**
Vrydag 22 Februarie 10:00 tot 11:30
Musaion, Hatfield-kampus
Diens gelei deur prof Jerry Pillay, dekaan
Verversings na die opening
RSVP by Thanyani Mahanya
thanyani.mahanya@up.ac.za / 012 420 3155
- **Polsslag van die jeug**. Dit is nie altyd so maklik om die harte van die Kerk se jongmense te peil en te verstaan nie. Die **Kernkomitee vir Gemeentelike Bediening** het tydens 'n gesprek op 28 Januarie besluit om 'n bosberaad te reël waartydens in diepte oor die hartklop of polsslag van ons jeug besin sal word. Die bedoeling is om werklik buite die normale grense van jeugbediening te beweeg. Die gevolgtrekkings wat gemaak word en navorsing wat daarvoor gedoen word, sal ter geleger tyd met die Kerk gedeel word. Dit is ook 'n goeie geleentheid om suksesverhale met mekaar te deel. Die **Bosberaad sal van Dinsdag 30 April vanaf 17:00 tot Woensdag 1 Mei 17:00** by **Venterskroon-kampterrein** plaasvind. Daar is reeds 'n paar jong predikante, jeugleiers en ander kundiges betrek om hierby betrokke te wees. Ons versoek veral dinamiese en kreatief denkende jongmense en jeugleiers om saam met ons te kom kuier. Indien u belangstel om die Bosberaad by te woon, kontak David Barnard by 083 4411 789 of stuur 'n e-pos na davidbarnard@mweb.co.za.

Barmhartigheid

- **Poppekas-werkwinkel: Saterdag 9 Februarie 11:00-15:00**
NHKA Swartkop, Irelandlaan 107, Centurion
R400 per gemeente
Bemagtig jou gemeente se kinderbediening in 2019 met vaardigheid en kreatiewe idees
Skakel ds Elmien Shaw by 079 490 4745 vir meer inligting
- **ONS TUIS NWO beskik tans oor vier vakatures**
 - (1) **Geregistreeerde Professionele Verpleegkundige (Matrone)** by Van Rensburg/Louis Trichardt-tehuis
 - (2) **Geregistreeerde Professionele Verpleegkundige** by Ons Tuis

Die **vereiste vaardighede** vir poste (1) en (2) is uitstaande leierseenskappe; bestuursondervinding in bejaardesorg; interpersoonlike en kommunikasievaardighede; verpleegkundige vaardighede; administratiewe vaardighede; finansiële, personeel- en logistieke bestuursvaardighede; en moet Afrikaans en Engels magtig wees. Die **verantwoordelikhede** sluit in effektiewe, doeltreffende en verantwoordbare bestuur van die versorgingsfasiliteit; en beplanning, implementering, uitvoering en kontrolering van administrasie, finansies, personeel en logistiek. Die **vereiste ondervinding** is vyf (5) jaar bestuursondervinding op die vlak van geregistreerde professionele verpleegkundige (matrone); ondervinding van bejaardeversorging, veral verswakte bejaardes; en versorging van Alzheimerpatiënte sal 'n sterk aanbeveling wees. Die **vereiste kwalifikasie** is dat die kandidaat 'n professionele geregistreerde verpleegkundige moet wees, geregistreer by die Verpleegstersraad (SARV).

(3) Arbeidsterapeut (halfdag) by Ons Tuis

Die **vereiste vaardighede** is dat die persoon 'n arbeidsterapiediens moet kan lewer en moet beskik oor ondervinding in arbeidsterapie vir bejaardes; interpersoonlike en kommunikasievaardighede; moet deelneem aan uitreike, ondersteuning en psigososiale rehabilitasie; administratiewe vaardighede; moet Afrikaans en Engels magtig wees; moet onafhanklike beplanning, implementering en evaluering van eie kliniese dienslewering binne 'n gespesialiseerde afdeling vir verswakte ouer persone kan behartig; hulpverlening met die opleiding van personeel en studente binne toegekende areas van verantwoordelikheid; en moet spesialiseer in terapeutiese programme vir persone met demensie in verskillende fases. Die **vereiste ondervinding** is ondervinding in bejaardehantering, veral verswakte bejaardes; en die versorging van Alzheimerpatiënte sal 'n sterk aanbeveling wees. Die **vereiste kwalifikasie** is 'n arbeidsterapeutkwalifikasie, en registrasie by die SA Raad vir Gesondheidsberoepe (HPCSA) is verpligtend.

(4) Huishoudelike Hoof: Ons Tuis

Die **vereiste vaardighede** is goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede; ondervinding in 'n bejaardesorgomgewing sal 'n groot aanbeveling wees; moet verantwoordelikheid aanvaar vir die hantering van alle huishoudelike en administratiewe pligte; administratiewe vaardighede; moet Afrikaans en Engels magtig wees; vorige ervaring in die hantering van huishoudelike werk sal 'n sterk aanbeveling wees; en moet oor bestuursvaardighede beskik. Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes.

Stuur CV's aan Gerald van Rensburg, faks 012 325 1857, e-pos adm@otmt.org. Die **sluitingsdatum is 8 Februarie 2019**. Indien u geen terugvoer binne twee weke ontvang nie, was u aansoek nie suksesvol nie.



Leef Trauma-Vry!

Kapelaan Joyce Jacobs: Geregistreerde Berader

- Mediese trauma, berading & leiding
- Depressie / Angs / Stres / PTSD
- Geweld & mishandeling
- Verlies: Egskeiding & dood
- Familietrauma
- Uitdagings met verhoudings
- Fokus & konsentrasie
- Pastorale siekebesoek namens predikante van ver liggende gemeentes
- Hulp, leiding en bystand vir pasiënte wat alleen is en opgeneem word in Unithospitaal

Sel: 060 959 3990

- Die **Beurs- en Leningsfonds van die NHSV** is, saam met Bejaardesorg, by 2001 se Streekkongresse as 'n prioriteit geïdentifiseer. Jeugwerk word op hierdie wyse ondersteun deur NHSV-takke se bydraes tot dié fonds, asook die spesiale deurkollekte van gemeentes op die **tweede Sondag van Februarie** jaarliks. **Sondag 10 Februarie** kry elke lidmaat

die geleentheid om 'n bydrae tot hierdie verdienstelike saak te maak. Deur middel van 'n spesiale deurkollekte in gemeentes kan u help om die Beurs- en Leningsfonds van die NHSV te versterk.

- **Beeld-Kinderfonds: Valentynsdinee en -dans**
Vrydag 15 Februarie by Union Caterers Utopia Place
 Met Nadine en Nianell
 R550 per persoon
 Tafels beskikbaar vir 8, 10 en 12 persone
 Navrae aan Adrie van Staden by info@beeldkinderfonds.co.za

- In 2019 is die **Wêreldbiddag vir Vroue** al vir 132 jaar ononderbroke deel van 'n wêreldwye ekumeniese beweging waar vroue regoor die wêreld bid vir alle vroue in ander lande vir elkeen se unieke omstandighede en behoeftes. Die Wêreldbiddag vir Vroue word vanjaar internasionaal gevier op **Vrydag 1 Maart**. Die tema, **Kom – alles is gereed!** nooi alle vrouelidmate om deel te neem aan hierdie jaarlikse biddag vir vroue. God se genade en liefde is so groot vir elkeen van ons, al verdien ons dit nie, en ons is almal welkom om by sy tafel aan te sit. Dit is dan ons roeping, as vroue, om hierdie boodskap verder uit te dra in ons land, gemeenskappe en gemeentes. Ons moet God se liefde en genade uitleef in die wêreld om ons! Sien *Konteks* se Januarie/Februarie 2019-uitgawe vir die volledige artikel.

- **Woonstel en kamers vir selfversorgende bejaardes** beskikbaar by **Machteld Postmus, Mackenziastraat, Brooklyn**. Johannes Postmus het tans 'n lieflike eenslaapkamerwoonstel beskikbaar om te huur teen R5 520 per maand, wat water insluit (elektrisiteit uitgesluit). Riekie Boshoff het tans 2 enkelkamers beskikbaar met gedeelde geriewe vir slegs R2 290 (sluit water en elektrisiteit in). Die kompleks beskik oor sekuriteit, en ondersteunende dienste en gereelde aktiwiteite word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria**, is 'n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.

- **Ons Tuis (Andries Marie Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**

Lewensreg te koop

2-slaapkamer @ R560 000
 1½-slaapkamer @ R520 000
 1-slaapkamer @ R515 000
 Groot tuine om in te ontspan
 Geen versorging
 Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
 012 329 4318 / 084 920 8723



Kerklike publikasies

- **Lees in *Konteks* van Januarie/Februarie 2019 (die tweede laaste uitgawe van *Konteks*)**
 - o Epifanie: God word sigbaar
 - o Luister na ons teologies studente
 - o ADV Jaartema 2019: Diakonaat



- **Lees in Die Hervormer van Januarie/Februarie 2019**
 - o Sien ontwrigting as 'n geleentheid
 - o Nuwe benadering tot leierskap
 - o Godsdiensvryheid en die selfregulering van die kerk
- Lees *Die Hervormer* volledig by www.hervormer.co.za

- **Lees in die Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT) van Januarie 2019**

Die NHKA se populêr-wetenskaplike tydskrif

Hierdie is die vierde uitgawe van 2018:

Die dekalog (Die tien gebooi):

Die gawe van vryheid uit die hand van die Bevryder

Lees volledig by www.nhka.org

Ontvang die nuutste uitgawe gratis as pdf

Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

- **Bybelse Dagboek / Almanak 2019**

R180 (posgeld uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk

en 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

- Die **Maart 2019-uitgawe van Konteks** sal die laaste wees van ons gesinstydskrif wat die afgelope bykans 30 jaar aan lidmate groot vreugde en inspirasie gebring het. Gemeentes moet mev Sarie Roux asseblief dringend by 012 322 8885 x3025 of sentik@nhk.co.za laat weet of hulle ekstra eksemplare van dié geskiedkundige uitgawe wil ontvang.

- **Lessenaarkalender 2019.** Die Sinodale Dienssentrum het weer 'n Kerkspesifieke lessenaarkalender in volkleur teen R115 (BTW ingesluit) per kalender beskikbaar gestel. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui – daar is egter steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afspraak in te skryf. Die formaat is A2 (4 x A4's), aan die bokant gegom, sodat dit plat op 'n lessenaar kan lê. Plaas bestellings by mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of sentik@nhk.co.za. Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Dienssentrum te Swaanstraat 129, East Lynne.

Fondsinsamelings

- **Om die berg vir Bybels.** Fietsryers wat nog 'n inskrywing soek vir die **2019 Kaapstad-fietstoer van Sondag 10 Maart** kan deel word van die **Bybelgenootskap (BSA) se Trap vir Bybels-span**. Die BSA het vanjaar meer (40) plekke beskikbaar, maar omtrent die helfte daarvan is reeds geneem. Ryers kan kies tussen vier pakkette wat strek van R1 300 tot R2 300 en wat 'n donasie aan die BSA insluit. Hierdie donasies is ter ondersteuning van die BSA se Bybel vir Armes-projek. Daar sal ook weer 'n BSA-stalletjie by die Kaapstad Fietstoererekspo wees waar ryers die fietsrytruie en geskenkpakke wat by hul onderskeie inskrywings ingesluit is, kan afhaal. Die Trap vir Bybels-fietsrytrui blyk gewild te wees onder fietsryers; hierdie truie sal ook by die stalletjie te koop aangebied word. Vir meer inligting oor hoe om deel te word van die Trap vir Bybels-span, kontak Corné Basson by 021 910 8788 of basson@biblesociety.co.za.
- **Noordwestelike Pretoria: Warmhartigheidsgolfdag Woensdag 10 April by Zwartkop-golfbaan**
Early Bird Special voor 1 April:
 R1 760 per 4-bal of R440 per speler
 Normale prys R1 960 per 4-bal of R490 per speler
 Navrae en inskrywings Johanna 082 928 5592
 Stephen 074 658 4630
 James 083 679 6633

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

O God, as ek vandag kos het,
help my om die hongeres te onthou.
As ek werk het,
help my om die werkloses nie te vergeet nie.
As ek 'n warm huis het,
herinner my aan die haweloses.
As ek sonder pyn kan lewe,
gee my deernis met dié wat ly.
En as ek hulle onthou wat nie het wat ék het nie,
verlos my van my selfvoldaanheid,
sodat ek uit my gemaksone sal kom
en met woorde en dade diegene sal help
wat met hul oë roep na alles
wat ek as vanselfsprekend aanvaar.

Moeder Teresa van Kalkutta

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)